CALVINISME TEENOOR ARMINIANISME

Deurlopende toerusting vir die kerkraad

1. Die geskiedenis van Calvinisme teenoor Arminianisme

Die naam *Calvinisme* dui op die geloofsbasis wat Johannes Calvyn vanuit die Skrif vir ons neerlê. Teenoor die Calvinisme het *Arminianisme* ontstaan. Arminianisme is die teologiese stroming wat vernoem is na die Nederlandse teoloog Jacobus Arminius.

Die primêre verskil tussen die twee "geloofsisteme" is dat die **Calvinisme God se soewereiniteit voorop stel.** Die **Arminiane plaas die fokus op die mens se verantwoordelikheid en vryheid van wil.**

In 1610 het 45 Arminiaans-gesinde predikante 'n dokument genaamd *die Remonstransie* onderteken. In die dokument artikuleer hulle vyf Arminiaanse leerstellings. (Voortaan word die Arminiane daarom ook die *Remonstrante* genoem). Die vyf leerstellings van die Remonstrante leer die volgende:

(1) Voorwaardelike uitverkiesing: God kies die mense wat Hy weet tot geloof sou kom.

Hiermee verwerp hulle die Calvinistiese waarheid, dat God mense uitverkies voor die grondlegging van die wêreld en voordat hulle tot geloof kon kom.

(2) Onbeperkte versoening: Jesus het vir alle mense versoening bewerk, maar net die wat glo kan deelkry aan daardie versoening.

Die Calvinisme leer hierteenoor, dat Jesus net versoening bewerk het vir sy uitverkorenes.

(3) Totale verdorwenheid: 'n Mens is totaal verlore en is tot niks goed in staat nie, behalwe deur die vernuwing van die Heilige Gees.

Hierdie is die klassieke Arminiaanse standpunt en is nie 'n groot afwyking van die Calvinistiese siening nie.

(4) Weerstaanbare genade: Ons kan God se redding weerstaan as ons sou wou.

Hulle verwerp hiermee die Calvinistiese gedagte dat God ieder en elk tot geloof sál kom, as God hom of haar uitverkies het.

(5) Voorwaardelike volharding: 'n Gelowige kan sy saligheid verloor.

Die Calviniste leer hierteenoor, dat God deur Sy Heilige Gees die gelowiges in staat stel om tot die dood in die geloof te volhard - hulle kan nie hulle saligheid verloor nie.

Op die Sinode van Dordt (1618-1619) is die leringe van die Remonstrante (Arminanisme) as dwaalleer veroordeel. As 'n antwoord op die dwaalleer is die Dordtse Leerreëls opgestel.

2. Die dwaalleer van Arminianisme vandag

Die gereformeerdes is Calvinisties, maar baie ander kerke is Arminiaans. Die kerkraad moet bewus wees van die twee strominge, aangesien die Arminiaanse dwaalleer steeds 'n besonder sterk invloed het en gewoonlik teenwoordig is in baie lidmate se denkwyses.

As ons goeie insig het in die Dordtse Leerreëls sal dit ons baie help om Arminiaanse idees raak te sien in preke, skrywes en in die optredes van lidmate.

3. Vrae en gedagtes vir ons kerkraad

- As 'n lidmaat op een of ander manier 'n Arminiaanse gedagte huldig, kan ons nie direk die gevolgtrekking maak dat daardie persoon nie 'n Christen is nie. Die persoon dwaal, maar moet steeds vir tyd en wyl as 'n broeder en suster in die geloof gesien word. Verdere liefdevolle en pastorale gesprek met so 'n lidmaat is dus baie nodig.
- Ouderlinge moet let daarop, dat daar geen Arminiaanse gedagtes van die kansel af verkondig word nie.
- Diakens mag gelowiges troos met die sekerheid dat God ons nie uit Sy hand laat val nie, selfs al kry ons swaar, beleef ons hartseer of eensaamheid.
- Is u as kerkraadslid bekend genoeg met die Dordtse Leerreëls? Doen moeite om u daarmee te bekwaam.

<u>Vir verdere studie</u>

- Die Dordtse Leereëls (voorwoord en vyf artikels)
- https://www.theopedia.com/five-articles-of-remonstrance
- https://www.britannica.com/topic/Arminianism

G. Marnix Boersema
071 363 5456
marnix@scriptura.co.za